

Woensdag 24 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:22-24

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:22

Rol van die vrou in 'n Christelike huwelik

In wese is man en vrou mekaar se gelyke (Gen. 2:18), beide is geskape na die beeld van God (Gen. 1:27), en tog is man en vrou soos twee legkaarstukke wat inmekaar pas juis omdat hulle verskillend is. Elkeen het 'n uniekheid, en binne die huwelik is daar ook 'n uniekheid in die opdragte wat vir man en vrou gegee word (wat ons onder andere kry in Efesiërs 5).

Dit blyk dat die Here eerstens van die man verantwoording vra oor wat in die gesin gebeur. Adam word eerste gevra in Genesis 3 en ook hier in Efesiërs word die hoofskap van die man genoem. Hoewel man en vrou in die huwelik aan mekaar onderdanig moet wees (vs 21), is onderdanig wees van die vrou in die vers 22 'n erkenning van die verantwoordelikheid wat die Here aan die man gee.

In die konteks van vers 23, waar dit vergelyk word met Christus en sy kerk, sluit die hoofskap van die man eiewilligheid of dominerendheid uit. Die vrou respekteer die man vir wie hy is en die verantwoordelikheid wat hy het. Sy is die man se spanmaat in die soek en uitlewing van God se wil. Die vrou word gemotiveer in haar optrede in die huwelik deur haar verhouding met die Here (vs 22). Die respek, eer en erkenning wat die vrou aan haar man gee, maak dat haar man soveel sterker en met meer toegewyd sy verantwoordelikheid binne die huwelik nakom.

Sing: Psalm 84-1:6

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)